




CACHET

GEREFORMEERDE KERK

12 Maart 2023



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae om 09:00 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays at 11:00

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikante

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com
Ds. Noah Kim – 082 593 6428;
solaprochristo@hotmail.com

Kontakpersone & Inligting **Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Koster en PowerPoints:

Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Pieter Deysel –
079 695 0027

**Preekopnames:**

<http://gkcachet.org.za/preke/> 

Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:

<https://npwepener.wixsite.com/website>

**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Jubila-voorsitter:

Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Schalk Buys

Skriflesing: Psalm 16

Tema: Ons beskerming, berusting en blydschap in die Here

Aanddiens

Prof Sarel van der Walt

Skriflesing: Openbaring 10

Tema: Gee smaak aan die wêreld!



Sustersaksie: versier 'n cupcake!




Wat volmaak skyn, het 'n einde,
moet, met al wat is, verslyt;
net u wet, in duur onendig,
is volmaak en eind'loos wyd.

Psalm 119:36B (Totius)

Lief en Leed:

† Ons is tans nie bewus van enige lief en leed nie.




Liefdegawes:

Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:



Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>
Oggend 1ste kollekte:
GKSA Sustentasië

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- GKSA Sustentasië
(deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>
Aand 2de kollekte:
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid
(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

In weelde en ongeluk, altyd sal ek die Here prys;

~ Psalm 34:1a

- | | | |
|----|-------|----------------------|
| 13 | Maart | Letlephu Molete |
| 15 | Maart | Minke Kruger |
| 17 | Maart | Henri van der Walt |
| 18 | Maart | Alistair van Heerden |



Administratief



Attestate ontvang

- Carmi Riekert vanaf *GK Nelspruit*
- Hercules van der Walt vanaf *GK Krokodilrivier*



**ENGELE, DIE
DUIWEL EN DIE
NEW AGE -
BEWEGING**



**TOERUSTING
SONDAG NA DIE AANDDIENS
@ CACHET
PROF. SAREL VAN DER WALT**

CACHET BYBELSTUDIES

EERSTEJAARSBYBELSTUDIE

Sondag 16:30

@ Die GS
Prieur & Pieter
Genesis 1-11



DAMESBYBELSTUDIE

Maandag 18:30 - 19:30

@ Die GS
Oom Henk
Emosies



MANNEBYBELSTUDIE

Maandag 18:30-19:30

@ Die GS
Brahm & Frikkie
1 Petrus & Hooglied



EARLY BIRDS

Woensdag 06:45 - 08:00

@ Die Pa-storie
Brahm
Romeine en die kategesmus

TEMATIES

Woensdag 19:00

@ Die GS
Riaan
Fillipense



GESINSBYBELSTUDIE

Donderdag 17:30-18:00

@ Verskeie lidmate se huise
Albert
Deuteronomium



HAWEBYBELSTUDIE

Donderdag 18:00

@ Die Hawe
Pieter & Theuns
Klaagliedere



Cachet & Vriende Staptoer

27 APRIL - 1 MEI
KINGDOM VOETSLAANROETE



[Vriende en Cachet Staptoer 2023: Inskrywingsvorm](#)

Jy word hartlik uitgenooi na die
huweliksbevestiging tussen

*Frikkie Deyssel &
Germari Bos*

DV 21 Maart 2023

Huweliksbevestiging

Gereformeerde Kerk Die Bult
Potchefstroom
11:00

Nota

Weens beperkte plek en begroting kan ons nie
almal na die onthaal nooi nie, al wil ons baie
graag, maar ons is van die oortuiging dat
niemand van die kerkdiens uitgesluit behoort
te word nie, en daarom is die uitnodiging na
die huweliksbevestiging oop vir almal.





Vereniging vir Gereformeerde Skoolonderwys

h/v Frans Conradie en Stellenbergweg
Vredenberg
Bellville 7530

Korrespondensie aan:
Gereformeerde Laerskool Bellville
Postbus 336
Saniamhof
Bellville 7532

Tel/Faks: (021) 919 7816

6 Maart 2023

Die Gereformeerde Laerskool Bellville adverteer die volgende pos:

Voltydse Graad R onderwyser

Aanvangsdatum : 1 Julie 2023

Ons is op soek na 'n gekwalifiseerde Graad R onderwyser.

Lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerk (VGK) of Gereformeerde Kerk (GKSA), wat in leer en lewe christelik is en 'n passie het vir gereformeerde skoolonderwys, kan aansoek doen.

Indien u belangstel, nooi ons u uit om u CV te stuur aan vgs.kantoor@gmail.com

Die sluitingsdatum is 31 Maart 2023

Salarisbesonderhede is beskikbaar by vgs.kantoor@gmail.com

Addisionele inligting is beskikbaar by die skoolhoof Mnr. Erik van der Linden erik.cob@gmail.com of admin@dglb.co.za

Onderhou die 10 gebooie:

Liefde vir jou naaste



Die vyfde gebod is die basis van naasteliefde

Die vyfde gebod sê dat jy jou vader en moeder moet eer, maar dit gaan oor baie meer as net jou ouers. [Lees hier](#) wat dit vir ons oor al ons verhoudings sê.



Gaan die sesde gebod net oor moord?

In die sesde gebod leer ons dat ons nie mag moord pleeg nie. [Lees hier](#) hoe dié gebod nie net gaan oor doodmaak nie, maar ook die gedagtes wat daartoe lei.

MAARTUITGAWE VAN DIE KERKBLAD



Geliefde broeder, suster

Soos met die Februarie-uitgawe van *Die Kerkblad* is dit vir ons 'n voorreg om ook nou die Maartuitgawe aan u te stuur. Geniet die blad en oorweeg dit asseblief om in te teken sodat u *Die Kerkblad* voortaan elke maand kan ontvang. Daar is twee wyses van intekening:

- Vir R150 kan u inteken op die elektroniese weergawe, soos die Maartuitgawe wat u nou ontvang.
- Vir R360 kan u inteken op die mooi gedrukte uitgawe (kleuromslag, swart en wit binnekant).

By die R360 gaan daar in baie gevalle afleweringkoste kom. Omdat die poskantoor glad nie meer 'n betroubare diens bied nie, fokus ons nou op gemeente-aflewering. Vir gemeentes in en om Pretoria en Potchefstroom sal aflewering by 'n hele aantal kerkkantore of afhaalpunte gratis kan geskied. Vir lidmate wat verder woon, sal ons bepaal wat die afleweringkoste per uitgawe gaan wees sodra ons die nuwe stroom van intekenare by elke plek kan meet. Die maksimum koste vir aflewering by u kerkkantoor of ander afgespreekte adres is ongeveer R900 per jaar vir die hele pak. Sou daar dus 10 intekenare in u gemeente wees, gaan die koste R90 per uitgawe wees. Nadat ons hierdie som bereken het, sal ons in Julie die bedrae deurstuur vir vereffening van die afleweringkoste. (Die intekening self is jaarliks vooruitbetaalbaar, enige maand van die jaar.) Indien u tog u Kerkblaai per pos wil ontvang, is die posgeld 'n ekstra R165 per jaar (totaal R525).

Geniet hierdie uitgawe en word deel van die *Kerkblad* familie.

Ds. Cassie Aucamp (Redakteur)

(Namens die Redaksiekommissie)

NAAM: GEMEENTE:

E-POSADRES: TEL:

POSADRES:

Merk die toepaslike blokkie(s) met 'n kruisie

- Hiermee teken ek in op 12 maande se elektroniese weergawe van *Die Kerkblad*, van April 2023 tot Maart 2024. 'n Bewys van my betaling van R150 is aangeheg.* ☐
- Hiermee teken ek in op 12 maande se gedrukte weergawe van *Die Kerkblad*, van April 2023 tot Maart 2024. 'n Bewys van my betaling van R360 is aangeheg.* ☐
- Hiermee teken ek in op 12 maande se gedrukte weergawe van *Die Kerkblad*, om aan my gepos te word @ R525 per jaar. 'n Bewys van my betaling van R525 is aangeheg.* ☐
- Ek is 'n bestaande intekenaar. Hiermee versoek ek dat my *Kerkblad* voortaan aan my gepos / na my gemeente gestuur word. Betaling sal geskied wanneer ek my rekening ontvang. ☐

Die versendingskoste sal in Julie vereffen word wanneer die koste per uitgawe in elke plek bereken kan word.

***BANKBESONDERHEDE: Admin Buro van die GKSA. ABSA, rek no 670 140 040**

VERWYSING: Naam, gemeente en e-posadres

Stuur betalingsbewys saam met intekenvorm na tydskrifte@gksa.co.za

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Maart 2023

Is kerk belangrik?

SINODE 2023 ...

**“Die Heilige Gees en ons
het besluit?”**

www.gksa.org.za



Inhoud

Maart 2023



VOORBLADFOTO:

Shawu, die legendariese olifant, se staanplek by die Voortrekkermonument

**JAARGANG 123, NO. 3375
Maart 2023**

- | | |
|---|---|
| <p>1 UIT DIE WOORD
Swaarkry – geleentheid om te getuig!</p> <p>3 VAN DIE REDAKTEUR
Sinode 2023: “Die Heilige Gees en ons het besluit ...?”</p> <p>5 KERKBLAD 150!
Totius en <i>Die Kerkblad</i> (1)</p> <p>7 GESPREK
<i>Die Kerkblad</i> gesels met Prince Mangosuthu Buthelezi</p> <p>10 Feite en Fiksie: Is kerk belangrik?</p> | <p>12 ALGEMENE SINODE 2023 – Gesprek met die voorsitter</p> <p>14 <i>Die Kerkblad</i> steeds in jou sitkamer?!!!!</p> <p>16 'n Digter-Dominee ... dr. Kobus Erasmus</p> <p>18 Sinodeskatte – 11: SINODE 1891</p> <p>19 Namibië nou 'n Nasionale Sinode</p> <p>21 BRIEWE VAN ONS LESERS</p> <p>SINODEFLITSE op verskillende bladsye in die uitgawe</p> <p>22 Op die Kerkwerf</p> <p>23 Kleinadvertensies</p> |
|---|---|

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Ds. C Aucamp
 KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
 ADDISIONELE LEDE: Prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. EJ Smit, ds. JC van Dyk, JG Noëth, prof. DF Muller

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2022 – 30 Junie 2023):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R343
 Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R493
 Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R464
 Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R143

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Swaarkry – geleentheid om te getuig!



Lees: Filippense 1
Teks: Filippense 1:12-14

In Handeling 21 – 28 lees ons dat Paulus in die jare voor hy hierdie brief geskryf het, bitter moeilike omstandighede beleef het. Mens kan jouself net indink hoe Paulus moes gevoel het in sulke langdurige moeilike omstandighede, en dit alles net omdat hy Jesus verkondig het! Ek dink jy sal met my saamstem hy kon so maklik in sy eie moeilike omstandighede begin vaskyk het en net daarop begin fokus het. Hy kon so maklik net op homself en sy probleme gerig geraak het. Hy kon daar in die tronk teruggetrek het in 'n hoekie, en begin moed en hoop verloor het, en in selfbejammering verval het. Hy kon begin wonder het of dit die moeite werd is om 'n dissipel van Jesus te wees, en om Hom te volg, en jouself te verloën en jou kruis op te neem. Hy kon dit selfs begin oorweeg het om maar eerder stil te bly oor Jesus, want vir hom het dit net die een na die ander probleem gebring.

Die meeste van ons sit soos Paulus dalk nie in die tronk nie, maar soms beleef ons ook moeilike omstandighede wat dreig om ons moedeloos te maak: Dalk staan jy voor 'n bitter moeilike besluit en jy weet nie watter kant toe nie? Miskien is dit finansiële pro-

bleme of werkloosheid wat vir jou te veel word? Dalk beleef jy konflik in 'n verhouding wat vir jou kosbaar is, en dit is besig om al die energie uit jou uit te dreineer? Miskien is dit spanning of onreg by jou werk of langdurige siekte? Die omstandighede in ons land maak baie van ons dikwels negatief en moedeloos ...

Maar nou sien ons in hierdie verse iets baie merkwaardig, en dit is hoe Paulus in sy moeilike omstandighede gereageer het, en die wyse waarop hy gereageer het, gee uiteindelik die deurslag!

Reaksie gee die deurslag

Na alles wat Paulus deurgemaak het, glo ek die gemeente in Filippi was baie bekommerd oor hom, en oor die verkondiging van die evangelie. Paulus het heelwaarskynlik vermoed dat die gemeente in Filippi so bekommerd voel, en daarom bemoedig hy hulle met hierdie wonderlike getuigenis in vers 12-14.

Hy begin sy getuigenis in vers 12 met die woorde: *Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het.* Sien jy hoe Paulus hierdie gemeente probeer bemoedig? Sien jy dat Paulus nie in sy langdurige moeilike omstandighede vasgekyk het nie, maar dat hy juis daarin geleenthede gesien het om die evangelie te verkondig! Soms bied die swaarste tye in ons lewe juis vir ons die beste geleenthede om vir die Here te getuig! Want wanneer jy deur swaar tye gaan, dan kyk mense na jou! Hulle kyk na hoe jy dit hanteer, en hoe jy te midde van die swaarkry positief bly, en staande bly. Hulle kyk hoe jy met jou hand in die Here se hand loop en vertrou en nie moed verloor nie.

Soms gaan hulle vir jou vra wat jy het, wat hulle nie het nie? Of hoe kry jy dit reg om so op te tree in sulke moeilike omstandighede? En dan bied

Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het. Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek 'n gevangene is. Deur my boeie is die meeste broers ook in hulle vertroue op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees te verkondig. – Filippense 1:12-14

Uit die Woord

dit 'n wonderlike geleentheid om van die Here Jesus in jou lewe te getuig, en die reuse verskil wat Hy in jou lewe kom maak het, en hoe dit alles verander het – ook hoe jy deur moeilike omstandighede gaan! Swaarkry is ook 'n geleentheid om te getuig van die Heilige Gees se werk in jou, en hoe Hy jou deur moeilike omstandighede troos en lei, en hoe Hy vir jou blydschap en vrede en krag gee, ten spyte van jou omstandighede.

God gebruik jou getuienis

Wat was die gevolg van Paulus wat sy swaarkry gebruik het as 'n geleentheid om te getuig? Ons lees dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef het dat dit ter wille van Jesus is dat hy 'n gevangene is! Romeinse soldate van die keiser, wat Paulus elke dag in sy huisarres moes oppas, het nou almal van Jesus gehoor! Sien jy hoe 'n wonderlike geleentheid was Paulus se swaarkry in die tronk om van Jesus te getuig? Ek glo God het Paulus se getuienis in baie van daardie soldate en mense se lewens gebruik!

Maar Paulus se optrede ten spyte van sy eie moeilike omstandighede in die tronk het ook 'n tweede won-

derlike gevolg gehad! Ons lees in vers 14: *Deur my boeie is die meeste broers ook in hulle vertroue op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees te verkondig.*

Die feit dat Paulus se gevangenskap en boeie nie die verkondiging van die evangelie kon keer nie, het soveel ander gelowiges geïnspireer om ook op die Here te vertrou soos Paulus. Dit het ander gemotiveer om ook die Woord van God te verkondig, al kan hulle gevang word en in die tronk beland. Toe hulle sien hoe die Here kan werk ondanks Paulus se boeie, het dit ook hulle vrees vir boeie weggeneem!

En nou is die belangrike vraag vir my en jou, wat ook soms moeilike omstandighede beleef: Hoe gaan jy reageer as dit moeilik en swaar met jou gaan? Gaan jy terugtrek? Gaan jy op jouself gerig raak en in moedeloosheid op 'n houpie gaan sit? Gaan jy almal rondom jou saam met jou negatief maak? Of gaan jy 'n baken van hoop wees? Gaan jy jou lig helder laat skyn, al is dit pikdonker rondom jou? En hoe gaan jy jou swaarkry as 'n geleentheid gebruik om die wonderlike hoop en troos uit te dra wat daar in Jesus is? ^{DK}



V&R Drukkery (Edms) Bpk

Skakel **Ludick Venter** of **Elzabé Vosloo** vir enige navrae
Elandstraat 12, Koedoespoort
E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za

Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643

- kaartjies
- nuusbriewe
- brosjures
- tydskrifte
- kalenders
- sagte- en hardebandboeke
- digitale drukwerk
- grafiese ontwerp

Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!

Sedert 1946 in die Drukkersbedryf

Sinode 2023: “Die Heilige Gees en ons het besluit ...?”

Sinode 2023 het gekom en gegaan. Was dit 'n geslaagde sinode? Het ons saamwees in sinode ons kerke gelei op die pad van roepingsvervulling en waarlik liggaam van Christus te wees daar waar God elkeen geplaas het?

Alleen maar as ons in alle eerlikheid en opregtheid van Sinode 2023 kan sê: “Die Heilige Gees en ons het besluit”, daardie bekende slotsom oor die eerste vergadering van verskillende kerke waarvan ons in Handeling 15 lees.



'n Saak van skerp verskil en wesenlike belang

Maak geen fout nie, die saak op die tafel was nie 'n ligte saak nie. Moet gelowiges uit die heidendom besny word? Dit was 'n geweldige vraag. Dat 'n onbesnedene in die kerk van die Here mag kom, was net ondenkbaar. Besny-wees was die merkteken van die verbond. Besny-wees was die seël van egtheid vir die Israeliet.

Die woord “onbesnedene” was 'n woord van veragting. Dink maar aan Dawid se woorde oor Goliath in 1 Samuel 17:26: “Wie is hierdie onbesnede Filistyn dat hy die slagordes van die lewende God uitdaag?” Om onbesnedenes as medebroeders in die kerk van die Here te aanvaar? Dit druis in teen alles wat hulle gewoon was, teen alle eie denke en voorkeure.

In Antiogië was daar “'n heftige meningsverskil oor die saak” (vs 2). En as hulle in Jerusalem bymekaarkom, gooi van die gelowiges wat vroeër Fariseërs was, koue water op Paulus en Barnabas se opgewonde rapport oor “wat God alles deur hulle gedoen het:” Wag eers, nie so opgewonde nie! Is daardie mense besny? Onderhou

hulle die wet van Moses? En tog, ná alles, eenparig: *Ons en die Heilige Gees het besluit.*

Eie voorkeure moet buig voor God se wil

Hoe was dit moontlik? Daar in Jerusalem het 'n wonder gebeur wat slegs by gelowige kinders van die Here moontlik is: Eie voorkeure het gebuig voor God se wil. Vooraf-ondenkbare dinge is met dank en blydschap aanvaar.

Dis seker die eerste vraag, die eerste toets waaraan ons Sinode 2023 moet meet. Hoe dikwels gebeur dit nie dat ons met ons voorop-



GKSA Sinode 1907 (Paul Krugerkerk, Pretoria).

Van die redakteur

gestelde linies van verdeling sinode toe kom, ons hoor mekaar nie, fokus eerder daarop hoe ek my broer wat anders as ek dink oor 'n saak, kan koudsit, al is dit ook maar net op 'n tegniese punt. En die verdelingslyne word skerper en die argumente hewiger. Almal gaan onveranderd huis toe en ons beplan nou al vir die volgende rondte, om maar weer oor drie jaar dieselfde gevegte aan te knoop.

En baie vra bekommerd: Gaan ons mekaar ooit vind? Gaan die kerke van die GKSA steeds een bly? Wat word van ons Here se gebed net voor Hy die Kedronspruit na Getsemane oorsteek: *Vader, gee dat hulle een mag wees soos U en Ek een is.*

Wat was dan die maatstaf?

Drie sprekers neem die woord, en dit wat elkeen sê, bring die strydende partye bymekaar, vee die verdelingslyne uit:

- *Petrus* (vs 8-11): Wat is die hart van sy argument? Christus alleen! Die reddende genade van die Here. God se alles, ons eie niks. Alles genade. Vir die Jode en vir die heidene. Geen verdienste: vir besnedenes en onbesnedenes. Ons en hulle ... gered op dieselfde manier ... deur Christus alleen.
- *Paulus en Barnabas* (vs 12): "Hulle het vertel van al die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidene gedoen het." Die werke van die Here. Sy reddende genade is nie iets wat in die lug hang nie. Dit vat grond. Dit kan gesien word in die harte en lewe van mense. Die verbreiding van die evangelie. Mense kom tot geloof!
- *Jakobus* (vs 13-18): God se beloftes. God se Woord. Die Here het Hom nie onbetuig gelaat oor sy wil en sy pad vir sy kerk nie. In sy Woord wys Hy die pad: nie die puntjie op die "i" nie, maar die beginsel kragtens sy beloftes. Die Here wat die bouvalle van die vervalde huis van Dawid nou regmaak, sodat die heidennasies wat Hy geroep het om sy eiendom te wees, Hom nou soek. En ons hoor iets pastoraals in die woorde van hierdie broer van die Goeie Herder: *Laat ons dit nie vir hulle moeilik maak nie.*

Die genade van die Here.
Die wonderdade van die Here.
Die beloftes van die Here.

Alles basiese, kernsake van die geloof in Christus.
Die dinge waarop dit aankom. En die wonderlike

resultaat: *Die Heilige Gees en ons het besluit ... om geen verdere las op julle te lê nie.* Tog is dit geen vrypas vir onheilige gebruike uit hulle heidenverlede nie: die eet van afgodsoffervleis, die bedryf van onsedelike heid, die eet van bloed en van 'n dier wat verwurg is. Die nuwe redding bring 'n nuwe lewe.

Wat was die gevolg?

Nuwe geloofsbande word gesmee. Judas en Silas gaan saam na Antiogië en bemoedig hulle vanuit Jerusalem en bring weer Antiogië se groete terug. En daar waar eers "geen klein stryd en woordewisseling" was nie, daar is al die gelowiges nou bymekaar, en hulle is bemoedig, en bly en geestelik versterk.

Wanneer gaan dit weer gebeur wanneer afgevaardigdes van die GKSA na 'n sinode uit Potchefstroom by al hulle gemeentes terugkom? Alleen maar wanneer ons almal by die basiese dinge bly, nie onnodige laste op mekaar lê nie, die "noodsaaklike dinge" wat die Here verbied, vermy, ons eie voorkeure laat buig voor God se wil. En ons met vrymoedigheid dan kan sê: *Die Heilige Gees en ons het besluit.* ^{DK}

SINODE-FLITSE



Proefvertaling van Engelse Belydenisskrifte, gebede en formuliere goedgekeur

Die Sinode het 'n proefvertaling van verskeie dokumente in Engels goedgekeur. Hierdie proefvertaling omvat die Algemene Belydenisskrifte en Drie Formuliere van Eenheid met hulle inleidings; gebede, sowel as die liturgiese formuliere in gebruik in die GKSA. Die proefvertaling is gemaak met die Afrikaanse teks van hierdie stukke as begronding, omdat dit reeds goedgekeur is.

Die proefvertaling sal redaksionele en taalversorging ondergaan, terwyl dit op die GKSA en die CJB (Calvyn Jubileum Boekefonds) se webbladsye geplaas sal word vir gebruik en kommentaar. Intussen sal die saak ook ondersoek word om op soortgelyke basis vertalings van genoemde tekste in Afrikatale te maak.

Totius en *Die Kerkblad* (1)


Die Kerkblad is in April 150 jaar oud. Ons beplan om in Oktober 'n spesiale gedenkuitgawe uit te gee, en om deur die jaar terug te kyk op die 150 *Kerkblad*jare. Na die eerste artikel deur ds. Pieter van Wyk oor die *Maandbode* wat in April 1873 deur prof. Lion Cachet begin is, stap ons nou verder op die pad van *Die Kerkblad*. Ons doen dit aan die hand van die eerste deel van 'n artikel van wyle prof. Victor d'Assonville wat in die eeufesuitgawe van *Die Kerkblad* in 1973 verskyn het oor Totius en *Die Kerkblad*, 'n verbintenis van bykans 'n halwe eeu. Die tweede deel volg in die volgende uitgawe.

Maak oop die graf!

Op 'n koue wintersaand in Januarie 1902 in Amsterdam skryf 'n jong student 'n brief aan sy vriend ver in die Waterberge van Transvaal. Hy stort sy hart uit oor die nood van die kerk en die nood van sy volk wat in die doodsnikke van sy stryd teen die Britse magte leef. Dit was *JD du Toit* wat aan ds. *JA van Rooy* geskryf het. Hierdie lang brief van vier folio's bevat iets van 'n "program" vir die kerklike lewe in Suid-Afrika op die na-oorlogse puinhoop van armoede en ellende. Onder andere



'n Meer onlangse foto van wyle prof. Victor en mev. Therese d'Assonville



'n Spesiale dankuitgawe van *Die Kerkblad* aan Totius opgedra met sy 70ste verjaardag

skryf student Du Toit: *Ons grootste hervorminge dink ek, lê nie op die kerkregtelike gebied nie. Daar is so baie dinge wat eers uit die modder gehaal moet word, wat nodig is, is nie soseer reformasies as wel formasies van kerklike toestande ...*

En in die bereiking van die ideaal, skryf Totius hierdie merkwaardige woorde neer: *Die Kerkblad* moet op waardige wyse uit sy graf verwyder word en sy lig laat skyn!

Ja, die oorlog het nie alleen die Boerevolk se vryheid en duisendes van die nasie laat sterf nie, maar ook *Die Kerkblad* het tydelik ondergegaan, of soos in die woorde van Totius, "in die graf gegaan". Treffend was dan ook prof. Lion Cachet se woorde in die laaste uitgawe van 1899: "Het yzer gaat ons door de ziel!"

'n Lewenslange verbintenis

Dat Totius en *Die Kerkblad* vir ten minste 'n halwe eeu saam geleef het, word dadelik duidelik by die nagaan van die inhoud vanaf 1903 tot aan die begin

vyftigerjare. Dit is nog behalwe dr. Du Toit se groot aandeel as redakteur en in die administratiewe versorging.

Die verbintenis begin alreeds in die vorige eeu. As student op Burgersdorp skryf hy in *Het Kerkblad* van 1 Maart 1897 'n stuk onder die titel: *Bilderdijk's leven en betekenis*. Toe was Totius nog maar 20 jaar oud. Sy laaste bydrae vind ons in *Die Kerkblad* van 7 November 1952. Dit was ook Totius se laaste geleentheidsrede by die ingebruikneming van die nuwe gebouekompleks van die Teologiese Skool. Sal ons wat toe nog studente was, daardie rede ooit kan vergeet? Nog hoor ons die voordrag van Psalm 42 wat soos deinende golwe tot ons gekom het: *Wanneer sal ek na swerftog en benouing God weer sien in klare aanskouing? Na die tyd van aardse stryd sal nog verborgenhede oopgaan: Wat die Heer nog meer vervul het, bly verborge tot dié stond ál die wonders ons onthul het van die ewige vreeverbond.*

Die Kerkblad 'n "biografie" van Totius

Gestel dat ons geen ander gegewens oor dr. JD du Toit sou besit nie en die enigste bron van sy lewe sou *Die Kerkblad* wees, dan sou daar nogtans 'n beeld oor hierdie man gerekonstrueer word wat besonderlik getrou aan die werklikheid sal wees. Ons kan dit ook anders stel: Sonder *Die Kerkblad* sou dit uiters moeilik wees om die werklike Totius te ken. Was daar ooit 'n mens met wie ons blad in die 100 jaar van sy bestaan so *saam* geloop het? Selfs met die teerste lief en leed van hierdie man?

Sonder om afbreuk te doen aan die uitnemende dienste wat ander eerbiedwaardige manne vóór en ná Totius gelewer het, kan dit met reg gesê word dat *Die Kerkblad* gedurende lang tye eintlik Totius se blad was, hoewel dit tog altyd die kerk se blad gebly het. Ds. JV Coetzee kon dan ook op 'n keer oor dr. Du Toit se redakteurskap verklaar: *Die Kerkblad* "was waarlik kerklike orgaan, want hy het nooit 'n onsekere geluid laat hoor nie, maar in die botsing van rigtings en strominge het hy vir die Gereformeerde gemeentes duidelike koers en rigting gewys".

Ons stip slegs enkele klein besonderhede aan van hoe dat ons die mens Totius uit *Die Kerkblad* kan leer ken:

Op 1 Mei 1903 verskyn die volgende kort berig: "Met blijdschap vernemen wij dat onze broeder Proponent J du Toit bevorderd is tot Doctor in de H. Theologie aan de Vrije Universiteit te Amsterdam. Ook vernemen wij, dat hij spoedig naar Zuid-Afrika

zal terugkeeren." En dan, 'n lang reeks berigte van persoonlike aard wat deur die jare heen sou verskyn: sy huwelik met Marie Postma, hulle ontvangs en sy bevestiging as predikant te Potchefstroom, die geboorteberrigte van kinders ... Ag, en dan die smart oor kinders wat sterf! Wat 'n smart was daar verborge agter die enkele mededelings aan *Kerkblad*lesers na die dood van die twee kinders teen die einde van 1920, naamlik die afsterwe van die jaaroud seuntjie en Wilhelmina! Nuwejaarsdag 1921 was dit vir die Du Toit-familie alweer begrafnisdag. In *Die Kerkblad* kan dit gelees word.

Maar daar was ook die dae van vreugde, selfs feesvreugde: huldebetuigings deur die Afrikaanse volk, eredoktorsgrade, die 1937-toer na Palestina en Europa, feesnommers van *Die Kerkblad* waarin Totius telkens op sy beskeie manier van sy lewe vertel, en dan daardie wonderlike uitgawe van 21 Februarie 1947 as *Die Kerkblad* sy troue vriend se 70ste geboortedag herdenk! Té veel, té veel om in hierdie artikel alles op te noem!

Dat dit ook *Die Kerkblad* sou wees wat op 22 Julie 1953 Totius se laaste boodskap sou publiseer, gee nogeens aan hierdie blad die eer om een van die grootste bronne oor sy lewe te wees. Hierdie boodskap het hy op sy sterfbed met 'n bewende hand agter in 'n Psalmboek geskryf: *Daar sal geen doods-vrees wees nie. My Verlosser sal my tegemoet kom en lei na die heerlike geweste van die drie-enige God, van sy engele en gesaligdes. Laat my dierbares deur Gods genade tog die pelgrimspore volg. Ja, ook alle gelowiges. Genade, alles genade!* ^{DK}




'n Artikel van prof. D'Assonville in *Die Kerkblad* wat op 16 Februarie 1977, 100 jaar na Totius se geboortedag, verskyn het

Die Kerkblad gesels met Prince Mangosuthu Buthelezi

On 28 July 2022 a remarkable and significant event took place at the Voortrekker Monument. The original fibreglass statue of the magnificent elephant Shawu, created by the late sculptor Danie de Jager, was unveiled in the Trek Route Garden which symbolizes the route the Voortrekkers followed during the Great Trek. Umgungundlovu, the capital of King Dingane, is in the Garden near the Ncome river where the battle of Blood River took place in 1838. That is where Shawu found his new home. We were greatly honored by the fact that the honorable Prince Mangosuthu Buthelezi, traditional Prime Minister of the Zulu nation, agreed to do the unveiling of the Shawu monument. At the age of 94 he was unfortunately not able to personally attend the unveiling, and former Finance Minister Barend du Plessis did the unveiling on behalf of the Prince. The Prince delivered his speech, which was displayed on a big screen after the unveiling. It is a privilege for **Die Kerkblad** to share the heart of this notable speech and the innermost convictions of this remarkable brother in Christ by way of dual correspondence, facilitated by dr. Koos van der Merwe, a lifelong friend of both the Prince and the editor.



Prins Buthelezi by sy jarelange kameraad, dr. Koos van der Merwe



Dr. Buthelezi op die grootskerm by die onthulling van Shawu

A Tale of Two Nations – A Perspective from Prince Mangosuthu Buthelezi

Dr. Buthelezi, what does the placing of the great elephant Shawu at the Voortrekker Monument to symbolize the greatness of the Zulu nation mean to you and your people?

To us, Shawu is a symbol of Zulu nobility. When we salute our king, we shout *You are the Elephant!* We appreciate the respect that is shown to the Zulu nation, and to the formidable army formed by King Shaka. In the history that binds us together as the Afrikaner nation and the Zulu nation, placing Shawu here speaks of peace and reconciliation between our two peoples.

But doesn't our shared history also speak of conflict and pain?

Yes, but after the battle at Blood River, reconciliation and cooperation were born out of the pain and the deliberate forgiveness by both nations. Today, despite the pain that marks our distant past, we acknowledge the glorious deeds of both sides. While we can never forget the pain inflicted at uMgungundlovu, Bloukranz and Blood River in 1838, we have learned over many

decades to live in a reconciled spirit with each other, also as Christians.

What is the common denominator between the history of the two nations?

Both the Zulu nation and the Afrikaner nation understand the ideal of freedom. Our ancestors sacrificed their lives for this ideal. And this pursuit shaped us into what we are. We shared a common battle against imperialism in the Anglo-Zulu War in 1879 and the Anglo-Boer War from 1899 to 1902. I personally have the greatest respect for the Afrikaner nation knowing that there was friendship between my great-great grandfather, King Mpande, and the Boers who helped him in his battle against his brother Dingane at the Ncome battle.

We are in a new dispensation now. Is there an appropriate place for the symbols of the different nations?

My mother was the daughter of King Dinuzulu, who regarded Afrikaners as his friends. He was imprisoned due to his being implicated in the Bambatha Rebellion in 1906. When Genl Louis Botha became the first Prime Minister of South Africa, due to his friendship with my grandfather, he ordered King Dinuzulu's release. Tragically, the King was not allowed to return to Zululand, but was exiled to Middelburg in the then Transvaal, where he died at Uitkyk Farm in October 1913. We made sure that the statue of Genl Louis Botha and King Dinuzulu stand side by side in Durban to immortalise our friendship. I can recall when I was a member of South Africa's first cabinet, a colleague suggested the statue of Genl Louis Botha at the gate of Parliament to be removed. I immediately, but gently, reminded him of the friendship between my grandfather and Genl Botha.

In the new version of history, there is only one reflection of history, and that is from the perspective of the people in power. Is this conducive to nation-building in South Africa?

Our children and our children's children need to know and understand our shared history. We can only understand one another when there is mutual appreciation and respect for other peoples' values. The Voortrekker Monument has created a magnificent example of our mutual admiration, respect, and friendship by giving Shawu an honoured place at the heart of the Afrikaner's existence.

When looking back on the expectations of 1994, and at South Africa today, what are the key matters that failed?

I constantly warned against raising people's expectations with slogans that suggested everything

would change overnight and every need would be met instantly. I knew that unless we prioritised growing our economy, no matter how we sliced the pie, there would never be enough for everyone. Tragically, our government's greatest failure is not growing the economy, and allowing corruption to eat away at whatever gains we made. Persistent and widening inequality is exposing the other failure: the failure to fully reconcile and build a shared future.

When I look back on my time in parliament, I can recall two people for whom every single member had the greatest respect, irrespective of party affiliation. It was Genl Constand Viljoen, and yourself. What was and still is the driving force behind your compulsion for peace, kindness, and patience?

It's interesting that you say that, because I have so often been vilified as being "cantankerous"! I have certainly never shied away from speaking truth to power, which has perhaps made me less appreciated by some. But you are right that I am compelled towards peace, kindness, and patience. The pursuit of peace is at the heart of everything I do, because I have seen the effects of conflict on innocent lives. Knowing what our people have faced, and still face every day, how can one not be prompted to kindness? And without patience, I could never have run the race to the finish. It would be terrible to have come so far and given up before the finish line!

In your remarkable speech at the unveiling of Shawu's statue, you said: "I cannot help thinking of how the families who undertook the Great Trek would gather at the end of each long day on the journey and would sing: "Aan U, o God, my dankgesange". So I walk these last miles of my life journey. It became a standing habit of my family to gather at the end of each day for our evening prayers." How important is your relationship with God and your family's devotion to Him in your lives?

My mother, Princess Magogo kaDinuzulu, raised me in the Christian faith, and the importance of faith was confirmed to me many times by people like Bishop Alpheus Zulu and Nkosi Albert Luthuli, who were my mentors. I can say with conviction that I would not be alive were it not for the Lord's leading, protection and provision in my life. He has enabled me to walk a very difficult path of service, and has blessed me tremendously along the way. My relationship with Him is central to my life. It means a great deal to me that my family joins me in prayers and devotions.

You know, there must be an extraordinary bond between children of the Lord from different backgrounds. The very

symbolism of the Aandgesang that you have quoted, is exactly the journey of our lives, with the evening of the day symbolising the evening of our life on earth, as you called it "the last miles of your life journey". When looking back over 94 years, what are your innermost reflections?

I have certainly experienced that bond between God's children, despite our different backgrounds. During the liberation struggle, I was castigated by Professor Greenberg at Yale University in the United States for attending Christian fellowship and prayer meetings held at the home of Dr. Piet Koornhof, a member of the apartheid regime. My response was that, if I believe Christ's blood was shed for my sins, how can I not believe that it was shed for the sins of others? Looking back over my life, I recognise God's grace very clearly.

And when looking forward?

When you reach such a great age, every day is an extra gift, for man is allotted only three score and ten (idiomatic expression for 70 – CA). So I don't look too far ahead when it comes to my own life. But I am blessed to have created a legacy and to know that it will continue not only through my children and grandchildren, but through countless people whose lives have been touched by the values and principles I worked to strengthen. I have hope for



Oudminister Barend du Plessis en Prinses Bhelakazi Mabandla onthul die standbeeld van Shawu, vergesel van ds. Cassie Aucamp, voorsitter van die Voortrekkermonument se direksie

the future, beyond my lifetime. I think as long as hope endures, the future can still be created.

Prince Buthelezi, thank you for your devotion to our country for so many years, and thank you for sharing this humble witness of yours with the readers of Die Kerkblad. I was inspired to do this conversation by the concluding words of your remarkable address to us at the Voortrekkermonument:

"I walk these last miles of my own life journey. Like those families of the Great Trek who undertook such a remarkable journey travelling in hope, I thank God every day that his light which is my light will continue its travels beyond this world and into eternity. What a comfort it is to know the Rock on whom we have built. Christ is the Rock on which I stand." ^{DK}

SINODE-FLITSE

Oor die vrou in die amp

Die saak van die vrou in die besondere dienste was nie as sodanig op die agenda nie. Wat wel op die agenda was, was die optrede van meerdere vergaderings teenoor kerke wat strydig met vorige sinodebesluite vroue as ouderlinge bevestig.

Twee appèlle teen Streeksinode Pretoria se besluit dat afgevaardigdes uit sulke gemeentes nie mag stem nie en ook nie na die Algemene Sinode afgevaardig mag word nie, het geslaag en so die posisie van sulke afgevaardigdes herstel.

'n Beskrywingspunt van Streeksinde Pretoria dat deputate aangewys word om die volgende Algemene Sinode te adviseer oor hoe met sodanige kerke gehandel moet word, is wel aanvaar.



Ook in godsdiens is daar sake wat mense as waarheid glo en oorvertel, maar wat nie waar is nie. Dis iets soos godsdienstige “urban legends” – wolhaarstories. In hierdie reeksie artikels gaan **ds. Danie Snyman**, emeritusleraar van GK Magalieskruin, ’n paar van hierdie sake identifiseer, en die Bybelse feite teenoor die fiksie stel. – Red.



Is kerk belangrik?

“... en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens ...” (Openbaring 1:12b-13a)

“Kerk is nie belangrik nie.”

Daar is Christene wat deesdae hierdie storie vertel én ervaar: dat ’n persoonlike band met die Here belangrik is, maar dat die kerk en jou deelname aan die kerklike lewe nie belangrik is nie.

Covid het hierdie storie aangehelp. Mense wat nie in persoon aan eredienste kon deelneem nie, het op ander maniere reggekom. Heelparty het toe begin voel dat hulle nie eintlik iets mis nie, en besluit om hierdie “geriefliker” opsie te bly gebruik. So is die gedagte versterk: “Kerk/gemeente is nie regtig belangrik nie!”

Die band met die Here is die belangrikste

’n Persoonlike band met die Here is die belangrikste. ’n Mens word nie gered omdat jy ’n lidmaat van een of ander kerk is nie. Om vir altyd ’n kind van God te wees, moet jy persoonlik deur die Heilige Gees weergebore wees en regtig glo dat die Here Jesus Christus aan die kruis ook vir jǒu sondes geboet het. Kerk is wel ook belangrik, maar nie op dieselfde manier as ’n persoonlike geloofsband met die Here nie.

Hoe kerk wel ook belangrik is

Die Bybel is die boek waardeur die Here, in Wie ons glo, met ons praat. Volgens die Bybel kan daar oor die volgende geen twyfel wees nie:

➤ dat kerk vir die Here belangrik is;

➤ dat Hy wil hê dat kerk vir ons ook belangrik moet wees.

’n Paar gegewens uit die Nuwe Testament:

- Die kerk is die Here se kerk. Hy bring dit tot stand, laat dit groei en pas dit so op dat geen mag in hierdie wêreld dit sal onderkry nie (Matt. 16:18).
- Hyself maak mense wat tot geloof in Hom kom en gered word, deel van sy gemeente (Hand. 2:47).
- Hy stuur die apostels – veral vir Paulus – om orals die evangelie te verkondig, en daar waar mense tot geloof kom, gemeentes te stig (Hand. 14:23).
- Hy leer ons dat gelowiges nie net ’n klompie losstaande individue is nie, maar ’n gemeenskap van mense wat by mekaar hoort, sy volk, sy een liggaam met baie lede, ’n gebou, ’n huishouding (1 Pet. 2:9-10; 1 Kor. 12:12-27; 1 Kor. 3:9; 1 Tim. 3:15 (AFR2020)).
- Hy spoor ons aan om as gelowiges saam te lewe en mekaar te ondersteun (1 Kor. 12:12-27).
- Hy rus sekere gelowiges toe met gawes om ander gelowiges daarmee te dien en hulle toe te rus vir hulle lewe as kinders van die Here. En dit gebeur georganiseerd in ’n gemeente, onder andere deur die besondere dienste (ampste), soos die Here ons in die Nuwe Testament leer (Ef. 4:11-12).
- Die Heilige Gees het ’n groot deel van die Nuwe Testament aan ons gegee as briewe wat aan gemeentes gerig is. En die ander geskrifte in die Nuwe Testament raak ook sake aan wat direk vir die welsyn van kerke belangrik is.
- In die Here se laaste boodskap aan ons voor sy wederkoms (Openbaring) laat Hy, ná die inleidende hoofstuk 1, in hoofstukke 2-3 die boek begin met sewe briewe aan sewe gemeentes.
- En hoe sprekend is dit nie: As die verhoogde

Here Jesus Homself vir sy kerk wys, dan wys Hy Homself waar Hy tussen die sewe goue kandelare – simbole van sy gemeentes – rondgaan (Op. 1:12b-13a; 2:1).

Hoe kan enige iemand in die lig van bogenoemde feite dink dat kerk nie vir die Here belangrik is nie?

Leef volgens die feite

Wie die Here ken, maar nie deel wil wees van sy kerk, of wil deelneem aan dit wat Hy van sy kerk verwag nie, is besig met fiktiewe, mensgemaakte godsdiens.

Dit is ongelukkig so dat kerke soms skuldig is aan

mense se afnemende belangstelling, byvoorbeeld deur oninspirerende prediking, tam eredienste, afwesige herders, liefdelose getwis, verwêreldse lewens van mense wat sê dat hulle Christene is ...

Maar al hierdie dinge gee ons nie die reg om die kerk af te skryf nie.

Die Bybelse feite dring ons, as mense wat 'n band met die Here het, om ernstig te wees oor sy kerk, oor die voortbestaan en uitbreiding en suiwering daarvan en oor die geestelike opbouing en ondersteuning van mekaar daarin.

Dis fiksie: Die Here is belangrik, maar nie die kerk nie.

Dis feite: Die Here is belangrik, en sy kerk ook. ^{DK}



SINODE-FLITSE

Teologiese opleiding

Die GKSA het op Sinode 2018 verskeie opdragte aan die Kuratore insake teologiese opleiding gegee, onder andere om voort te gaan met onderhandelinge met die NWU oor die opleiding van studente van die GKSA in die teologie. Hierdie opdrag het gevolg nadat verskeie regulatoriese en wetswysigings meegebring het dat die NWU 'n nuwe ooreenkoms daar wou stel. Die Kuratore het verskeie konsepte aan die NWU voorgehou, maar daar kon nie tot 'n vergelyk gekom word nie.

Die nuwe ooreenkoms waarop die NWU wou skik, sou onder andere inhou dat die inhoud van die leerplan vir teologiese opleiding geheel in die hande van die NWU sal val.

Verder sal die teologiese professore se tyd aan die NWU behoort en slegs met vergunning by die GKSA aangewend kan word.

Teologiese studente sal ook nie noodwendig onderrig ontvang deur Gereformeerde professore of dosente nie, aangesien die GKSA geen inspraak sou hê in die aanstelling van professore soos ooreengekom in die huidige ooreenkoms nie.

Hierdie voorwaardes is na die oordeel van die Sinode nie in lyn met die Skriftuurlike benadering tot teologiese opleiding wat die opleiding van die GKSA se predikante ten grondslag lê nie.

Die NWU het ook skriftelik kennis gegee dat indien die GKSA nie die nuwe ooreenkoms staande die pas afgelope Sinode 2023 onderteken nie, is die NWU van voorneme om die bestaande ooreenkoms van 2006 op te lê. Die GKSA het besluit om nie die voorgestelde ooreenkoms te onderteken nie en het kennis geneem van die NWU se voorneme.

Praktiese gevolge van hierdie besluit is dat die bestaande ooreenkoms met die NWU oor drie jaar tot 'n einde sal kom en dat daar dan alternatiewe wyse van opleiding in plek moet wees.

Vir hierdie doel het die GKSA besluit om 'n privaat hoër onderwysinstelling op te rig en volgens wetgewing te registreer waar studente in die toekoms geakkrediteerde teologiese opleiding kan ontvang.

Die naam van hierdie instelling is Die Gereformeerde Teologiese Akademie. Die Sinode het die vertroue uitgespreek dat soos dit sowat 150 jaar gelede was toe die Teologiese Skool te Burgersdorp gestig is, die seënende Hand van die Here ook oor hierdie werk sal wees.

Gesprek met die voorsitter



Die moderamen van die Algemene Sinode 2023. Van links na regs: ds. Abel Modise (hulpskriba), dr. Deon Lartz (ondervoorsitter), ds. Piet Venter (voorsitter), ds. Pieter Kurpershoek (hulpskriba) en ds. Carel Jansen (skriba)

Ds. Piet, hartlik geluk met jou verkiesing as voorsitter van die Algemene Sinode. Was jy dit te wagte en voorbereid daarop?

Dankie Cassie, dit was 'n besondere voorreg om die taak te kon verrig. 'n Vriend van my het die moontlikheid aan my genoem, maar ek het my glad nie daaraan gesteur nie. Ek was dit nie te wagte nie en het die agenda voorberei soos vir enige ander sinode.

Wat was jou gewaarwording toe jy onder besondere omstandighede die voorsitterstoel inneem?

Ek was totaal oorweldig en het biddend die Here gepleit om my te help. Die gespanne atmosfeer het glad nie gehelp om iemand wat vir die eerste keer hierdie taak moet verrig, op my gemak

te laat voel nie. Dr. Deon Lartz, die ondervoorsitter, het my bewende hande raakgesien en het my bemoedig. Ek het maar probeer om met 'n grappie die spanning te breek en die vergadering te help om te fokus op wat volgende moet gebeur.

Het jy 'n goeie moderamen gehad, soos Aäron en Hur wat Moses se hande opgehou het?

Die moderamen was uitstekend en elkeen van hulle het my op 'n baie besondere manier ondersteun en gehelp. Ons was dadelik soos een span en het die wa begin trek. Ons kon in krisisoomblikke (waarvan afgevaardigdes nie sal weet nie) saam bid en het die Here se leiding deurgaans tasbaar ervaar.

Daar was baie moeilike en omstrede sake op die agenda. Natuurlik het jy ook bepaalde standpunte daaroor. Wat het jy as voorsitter gedoen om onpartydig te bly, soos wel aan ons getuig is?

Ek het Maandagnag gou my vergaderingsprosedure opgeknip en regtig probeer om volgens algemeen aanvaarde vergaderingsprosedures te handel. Dit is die kerke se vergadering en daarom moet die afgevaardigdes die besluite neem. Ek het telkens wanneer die voorsitter of die moderamen se posisie in gedrang is, die vergadering gevra om daaroor te besluit. Soms sou ek 'n opmerking oor my persoonlike standpunt oor 'n saak maak, maar het nooit die vergadering in 'n rigting probeer druk

nie. Ek het in een besondere saak myself ook van die bespreking onttrek om enige skyn van partydigheid uit die weg te ruim.

Hoe was die gesamentlike deelname van afgevaardigdes uit die verskillende taalgemeenskappe? Kon almal vryelik kommunikeer?

Ons het van die staanspoor af probeer om die taalbeleid van die sinode, wat in 2018 goedgekeur is, toe te pas en het van die moderamen se kant probeer om tweetaligheid te handhaaf (my swak Vrystaatse Engels ten spyte! By tye het my Engels heeltemal opgeraak). Elke afgevaardigde kon in sy eie taal praat en die tolkdienste het hulle skitterend van hulle taak gekwyd om alles na Engels te tolk sodat anderstaliges die vergadering kon volg. Afgevaardigdes van verskillende taalgemeenskappe het vrylik en gemaklik deelgeneem aan die bespreking.

Uit die voorsitterstoel val jou blik op die hele vergadering. Het jy dit ervaar dat daar sterk polarisasie in ons kerke is? En spanning?

Na my oordeel was die kwessie van die toepassing van die besluit van 2018 oor vroue in die diens van ouderling en predikant die enigste saak wat werklik intense spanning en polarisasie na vore gebring het. Oor ander groot sake wat besluit moes word, soos byvoorbeeld oor die teologiese opleiding en die verhouding met die NWU, was daar regtig eenheid en vrede.

Hoe sien jy die plek en funksie van die Algemene Sinode in die GKSA met sy verskeidenheid van plaaslike kerke? Verstaan ons die beginsel van eenheid in ons verskeidenheid?

Ek neem met kommer kennis van die feit dat die sinode al hoe meer in die rigting van 'n regulerende liggaam beweeg wat wil sorg

dat alle kerke dieselfde moet lyk en doen. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente word onderspeel en ek kry die gevoel dat eenheid in verskeidenheid nie meer die beginsel is nie.

Is 'n meerdere vergadering, veral een so groot soos die Algemene Sinode, die ideale forum waar ons mekaar regtig hoor en vind? Moet ons nie ander geleenthede skep om mekaar regtig te hoor nie?

Die aard, grootte en samestelling van die sinode maak dat dit nie 'n geleentheid is waar ons mekaar hoor en kan vind nie. Ons sal as kerke ander geleenthede moet skep waar ons ons verskilte met mekaar in diepte kan bespreek sonder om mekaar van meet af aan in kampe te jaag.

Wat is jou boodskap aan ons kerke ná Algemene Sinode 2023?

Die GKSA behoort nie aan ons nie, sy is die Here Jesus Christus se kerk en daarom moet elke lidmaat en elke gemeente opnuut weer vra: Leef ons werklik volgens die Woord van die Here in die wyse waarop ons kerk is en in die wyse waarop ons as kerk die wêreld moet dien en bereik? Solank ons die Woord van God vashou, sal ons mekaar kan vashou en sal ons getrou aan ons roeping kan leef midde 'n gebroke wêreld waarvan Jesus Christus alleen Middelaar vir en Koning van kan wees.

Kan jy van Algemene Sinode 2023 sê, dalk met huiwering: Die Heilige Gees en ons het besluit (Hand. 15:28)?

Ek is altyd baie huiwerig om hierdie uitspraak van die afgevaardigdes na die eerste kerklike vergadering sommerk net so van toepassing te maak op die besluite van ons sinodes. Ek het al te veel gesien hoe sinodes verkeerde besluite neem, wat by volgende sinodes weer in lyn met die Woord gebring moes word. Kom ek sê so: Ek glo onwrikbaar dat die Here Jesus sy kerk lei en bestuur ten spyte van mensgemaakte, verkeerde besluite. Ek bid en vertrou met my hele hart dat Sinode 2023 wel onder leiding van die Heilige Gees die regte besluite geneem het.

Dankie ds. Piet. Die algemene gevoel is dat jy deur die genade van die Here jou uitstekend van jou taak gekwyd het. Die Kerkblad bid jou die seën van ons Here toe op jou bediening, jou huis en die gemeente van Potchefstroom-Oos wat jy bedien. ^{DK}

SINODE-FLITSE

Nasionale Sinode vir Namibië

Die Sinode het gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Streeksinode Noordwes, waarin versoek is dat die gemeentes van Klassis Etosha kan organiseer in 'n Nasionale Sinode. Hierdie Nasionale Sinode van Namibië sal nog steeds binne die GKSA funksioneer as meerdere vergadering. Die Sinode het ook, soos die beskrywingspunt versoek het, deputate aangewys om die nuwe Nasionale Sinode vir Namibië te help en te adviseer oor allerlei sake wat die praktiese inrigting en organisasie van die Nasionale Sinode raak, ten einde dit bevredigend te implementeer.



Die Kerkblad steeds in jou sitkamer?!!!!



Die manne-broeders by die Sinode het op die voorlaaste dag na die finansies gekyk en besluit: *Die Kerkblad* gaan voortaan net in die kuberruim beweeg, nie meer in ons sitkamers en slaapkamers nie.

Dit het gelyk of die voordeur en die agterdeur vir die gedrukte *Kerkblad* gesluit is, maar die redakteur het soos die drie varkies se Wolf deur die skoorsteen geklim met 'n dringende brief aan die moderamen.

Op die laaste dag van die Sinode is die saak na die Deputate Kerklike Tydskrifte verwys. Die Deputate het toe met hulle vergadering van 14 Februarie die volgende besluit geneem:

Omkeerplan deur Redaksiekommissie

Die Deputate neem met dank kennis van die 24 Januarie-omkeerplan van die Redaksiekommissie wat behels:

- Dat *Die Kerkblad* voortgaan in beide gedrukte en elektroniese formaat.
- Dat 'n bemarkingsveldtog geloods word met as eerste aksie gratis verspreiding van die Februarie- en Maartuitgawe van *Die Kerkblad* na elke kerkkantoor en predikant met die versoek om hierdie uitgawes elektronies na elke lidmaat te stuur. In hierdie uitgawes is daar dan ruimte vir intekening.
- Dat die tweede aksie van die veldtog die ondersoek na die ontwikkeling van 'n "toep" met vorige en huidige Kerkbladnuus en artikels behels en dat daar so gepoog word om ook inkomste te verkry.

Voortbestaan van die gedrukte weergawe van *Die Kerkblad*

Die Deputate gee op die volgende wyse gevolg aan die skriftelike versoek van die redakteur aan Algemene Sinode 2023 wat deur die moderamen na die Deputate verwys is:

- Dat die gedrukte weergawe van *Die Kerkblad* tot met die Junie-uitgawe sal voortgaan, soos versoek. Motivering: Die meeste intekenare het vooruit betaal tot einde Junie.

- Dat die bemarkingsplan van sowel die elektroniese as gedrukte weergawe soos deur die Redaksiekommissie voorgestel, ondersteun word.
- Dat die verspreiding van *Die Kerkblad* voortaan waar moontlik nie meer individueel nie maar via gemeentes sal plaasvind. Dit sal by kerkkantore of 'n afgespreekte adres op die mees ekonomiese wyse afgelewer word. Hierin sal veral ook van Pudo gebruik gemaak word.
- Om dit moontlik te maak, moet alle intekenaars aan 'n gemeente-adres gekoppel word. Joey Fourie sal vir Angie Mokobi hierin behulpsaam wees en die Redaksiekommissie sal toesien dat alle intekenaars hieroor ingelig word.
- Dat die Deputate in oorleg met die Redaksiekommissie en die Bestuur van die Admin Buro in die lig van die omkeerstrategie die finansiële haalbaarheid van die voortbestaan van *Die Kerkblad* deurlopend sal monitor en so gou moontlik aan die hand daarvan 'n besluit sal neem oor die voortsetting van die gedrukte kopie ná Junie 2023.

Prys, betaling en versending van *Die Kerkblad*

Die Deputate besluit:

- Dat intekening op sowel die elektroniese as die gedrukte weergawe voortaan enige tyd van die jaar kan geskied. Intekening sal vooruit betaal word, per jaar of soos deur die intekenaar versoek en betaal.

- Dat die prys van die elektroniese weergawe van nou af vir alle nuwe of hernude intekening vasgestel word op R150 per jaar.
- Dat die basisprys van die gedrukte weergawe bepaal sal word sodra die kwotasie van die huidige drukker ontvang word. (Dit is toe vasgestel op R360 pj.)
- Dat die versendingsprys bepaal sal word deur die direkte versendingskoste vir elke kopie.
- Dat alternatiewe kwotasies vir die druk van *Die Kerkblad* verkry sal word.
- Dat die Redaksiekommissie opdrag kry om in samewerking met die personeel van die Admin Buro toe te sien dat die nodige administratiewe reëlins in hierdie verband getref sal word.

Die reaksie op die Redaksiekommissie se plan lyk baie positief en alles dui daarop dat *Die Kerkblad* soos

die afgelope 150 jaar (die Boere-Oorlog uitgesluit) steeds in gedrukte formaat in die hande en huise van ons lesers sal wees. Die saak is in die opsig in ons lidmate se hande wat deur hulle ondersteuning dit moontlik sal maak.

Ons vra ook dat intekenaars wat tans *Die Kerkblad* oor die pos kry, die personeel by die Admin Buro sal verwittig by watter gemeente u voortaan u *Kerkblad* sal kan afhaal. Nie net gaan dit verseker dat u elke maand u *Kerkblad* gaan kry nie, maar u kan ook op hierdie wyse 'n aansienlike besparing maak. Stuur 'n e-pos aan tydskrifte@gksa.co.za of skakel Angie by 018 297 3986. Voornemende nuwe intekenaars kan ook die e-posadres of nommer gebruik.

Intussen vra ons steeds ons lesers se kommentaar en wenke oor die inhoud van ons blad. ^{DK}



SINODE-FLITSE

Nuwe liederboek in Afrikatale

'n Nuwe liedboek vir Tshivendasprekende kerke is op pad nadat die Sinode besluit het om so 'n bundel goed te keur vir gebruik in eredienste. Die liedboek sal bestaan uit Psalms, Hosanna-liedere en liedere geneem uit die Tshivenda-talige Lutheran Hymns. Die titel van die boek sal *Nyimbo dza thendo* (Aanbiddingsliedere) wees.

Die Sinode het besluit om die uitgee van 'n nuwe liederbundel vir Sesotho-, Sepedi-en Setswanasprekende kerke te finaliseer. Hierdie liederbundel sal geskoei wees op goedgekeurde liedere uit die ou bekende *Lifela tsa Sione*, sowel as Psalms. Verder sal die bundel ook die Liturgiese Formuliere van die GKSA bevat.

Die Sinode het die derde hersiene uitgawe van die *ImBongi*-liederbundel vir gebruik in Zoeloesprekende kerke aanvaar. Hierdie liedboek bevat Psalms en ander liedere reeds in algemene gebruik in die kerke. Hierdie uitgawe bevat ook die liturgiese formuliere en die kerkorde van die GKSA.

GKSA-jeugpublikasies gaan van krag tot krag

Die Deputate Jeugsorg aangewys deur die Algemene Sinode van die GKSA in 2018 het op die Sinode van 2023 'n baie positiewe verslag oor hulle werksaamhede gelewer, by uitstek oor die jeugtydskrifte van die GKSA.

Kruispad, die Afrikaanse jeugtydskrif wat vier keer 'n jaar uitgegee word, het van 442 intekenaars in 2019 gegroei na die huidige 2882 intekenare. Die tydskrif word in elektroniese formaat aan die intekenare gestuur, maar al die artikels is ook op die webblad van *Kruispad* beskikbaar by www.kruispad.net. *Kruispad* het behalwe die webwerf ook 'n Facebook-bladsy en 'n Instagram-bladsy. Dit word gebruik om die tydskrif te adverteer en om die evangelie te versprei aan 'n wyer gehoor. Beide kanale het baie goeie groei in die afgelope paar jaar getoon, en 'n groot toename in gebruikers gesien.

Daar is ook te kenne gegee dat die webbladsy www.gkjeug.co.za 'n groot aantal hulpmiddels en hulpbronne vir jeugbediening bevat, onder andere vyf Bybelstudiegidse wat vanaf 2018 die lig gesien het. Die hulpbronne is in Afrikaans en Engels beskikbaar.



'n Digter-Dominee ... dr. Kobus Erasmus

CHO en word in 1987 bevestig as predikant van Senekal. Daarna het hy Volksrust-Vrede, Alberton en sedert 2008 weer Volksrust bedien (en vir 'n tyd ook Ermelo) tot hy verlede jaar geëmeriteer het.

Wanneer 'n predikant emeriteer, is sy voltydse diens as Woordbedienaar verby. Baie van ons emeriti help dan deelyds uit in gemeentes. Daar is groot waardering daarvoor. Maar wat van ander dienswerk, kultuurwerk, selfs kunswerk? Met die talente wat die Here gegee het, tesame met jare se wysheid en ervaring, is baie van hulle kosbaar besig op die breër akker van God se koninkryk. *Die Kerkblad* gaan bietjie by party van hulle kuier. Laat weet gerus as u weet van sulke kosbaarhede waarvan ons dalk nie weet nie. Nie net ons emeriti nie, maar ook hulle gades en weduwees. Kom ons gee die reeksie die naam: *Kosbare koninkryksdiens deur ons emeriti*.

Vandag loer ons in by DR. KOBUS ERASMUS, EMERITUS VAN VOLKSRUST, wat reeds sy derde digbundel uitgegee het.

Kobus het, as 'n plaaskind uit die Aliwal-Noorddistrik, in die omgewing van die bakermat van die Gereformeerde Kerk grootgeword (Burgersdorp is die buurdorp). Sy skoolopleiding het hy aan Laerskool Aliwal-Noord en Hoërskool Gimnasium Potchefstroom gekry. Hy studeer teologie aan die destydse PU vir

Jy kry hom nie maklik oor sy digkuns aan die praat nie. "Dit is enersyds moeilik en andersyds maklik om self oor die gees van 'n digter te praat. Die gawe van taal is 'n gawe uit God se hand. As God die gawe gee, moet dit ontwikkel word en nooit leeg terugkeer nie. God moet as't ware self aan die woord kom." Dat die gawe van dig ook 'n roeping is, staan vir hom in die sentrum. "As gelowige is net jou allerbeste goed genoeg vir die Allerhoogste. Daarom is die uitkoms of resultaat van die digwerk so 'n groot verantwoordelikheid. Maar dit word ook jou nalatenskap." Vir Kobus moet die waarheid van die werklikheid in liefde bekyk en beskryf word en terselfdertyd moet altyd na die eer van God gesoek word. "Sy Gees is jou inspirasie. So word na die Skriftuur en die Natuur gekyk."

Kobus het homself as berader bekwaam deur eers die ThM- en daarna die DPhil-graad te verwerf. Dit is juis sy ervaring as herder en berader wat 'n groot inspirasie vir sy gedigte geword het. "Ek is eerstens Woordbedienaar, en het vir jare as as herder en leraar gewerk. In my herderskap kry ek steeds met uiteenlopende mense te doen (gelowig en ongelowig)." As pastorale berader moes hy gereeld simpatiek luister en empaties rigting gee. Hy gebruik gedigte as pastorale hulpmiddele om 'n situasie te ontlont en rigting te gee. "My digkuns is dus direk gekoppel aan my roeping as pastorale berader." Verder wil hy nie veel oor homself praat nie. "Die onderwerpe wat al uit my pen gekom het, moet die praatwerk doen. Dit handel oor die algemene lewe, geloof en dood, familie, liefde, natuur, siektes, taal, trauma en oorlog."

Daar het reeds drie digbundels van Kobus verskyn: "Vlug van die Arend" (2020), "Niemand is hoër as die Karoobossie nie" (2021) en "Brandwag" (2022). Die laaste digbundel het 'n prys van die GHA ontvang in 'n digkunskompetisie. "Ek is dankbaar en erkentlik teenoor die Here vir hierdie gawe en om die opdrag om te dig, te kan uitleef."

Ons sien uit na nog bundels uit sy pen en gee graag vir u drie van Kobus se gedigte deur, duidelik die neerslag van intense bedieningservaring deur God se genade. Sy drie digbundels is almal uitverkoop, maar kan op bestelling gedruk en uitgestuur word. Sy telefoonnommer is 072 725 0761, en sy e-posadres is online2563438@telkomsa.net.^{DK}



Dr. Kobus en Rina Erasmus

Ontvang

Ek draai my wang en kry 'n hou.
Ek draai my ander wang en kry 'n oorveeg.
Natuurlik draai ek my rug vir 'n hou,
maar ek kry 'n mes – en ek oorweeg?

My rug word 'n ploegland.
Diep vore word geploeg.
Met sogenaamde “reguit” vore
word ek gemaak, bykans verlore.

Wie was dit wat ook was – onskuldig verstoot?
Hy is nie net deurboor, maar ook verbrysell!
Tog, deur Sy wonde het daar genesing gekom:

Vir elke wond van elke hou.
Vir elke voor van die ploegland ontvou.
Is ek nie meer gewond, maar genees.
Nie meer verlore, maar gevind.

EMERITUS

Jou jare geroep vir die Woord,
jou woord jou akkoord.
Jare van sweet en swoeg
met meer vreugdes as wroeg!

In diens om te saai en nie te oes nie.
Om God se eer te soek en nie eie eer nie.
Wat 'n eer om die jare vol te arbei
gespaar om eervol te kan aftree.

Genade om die laaste fase van jou lewe te beleef.
Die wete, die bedevaart se einde word betree.
As pelgrim jou eindpunt in sig:
om rekenskap te gee van jou roeping!



MY KIND SE BEGRAFNIS

'n Ouer moenie 'n kind begrawe.
'n Kind moet 'n ouer begrawe.
Teen die reel kom die onreëlmatigheid.
Dit is smart sonder maat.

Kan die pyn van smart in die hart bepaal word?
Kan die grootte van die wond van die hart gemeet word?
Dit is onmeetbaar!
Onbepaalbaar!

Die swaard deur die hart is die pyn.
Die gat in die niksheid, die gevoel.
Die smart van dood se smartpyn
weeg nie op teen die smart van kinders kry

Die trane wat vries en dan ontvries
die ontkenning en die erkenning
die onderhandeling en die aanvaarding
sal dit ooit kan gebeur... berusting?

Tussen leef en oorleef staan Christus.
Tussen hier en daar is Christus.
Ek leef nie meer, Hy leef rustig in my
Hy is die lewe, vir my kind en vir my!

Dan kan 'n ouer 'n kind begrawe
want daar is hoop in die hopelose.
Christus is die hoop...tot weersiens
en niks kan ons van Sy liefde skei!


Sinodeskatte – 11

SINODE 1891



Die Algemene Sinode sou in 1891 op Rustenburg vergader. Van heinde en verre het die afgevaardigdes gekom. So ook dié van GK Colesberg. Vir hierdie broeders was dit 'n moeilike reis, want daar was geen fondse om na Rustenburg te kom nie. Hoe om daarheen te reis, het ook 'n probleem veroorsaak en daar is uiteindelik besluit om per trein en "coach" te reis. Gemeentelede is gevra om met die reiskoste van die afgevaardigdes te help en daar kon na die Sinode aan die gemeente teruggerapporteer word dat die geld wat ontvang was: ontvangste £72.6.6; uitgawe £64.12.8; batige saldo £7.13.10. Op hierdie Sinode is daar met leedwese kennis geneem van die afsterwe van ds Dirk Postma en word daar besluit om 'n brief van "innige sympathie van wege de Synode gericht worde aan de weduwe en famielje-betrekkingen en ook aan de familie leden hier tegenwoordig".

Na aanleiding van 'n notulebesluit van die Algemene Vergadering van den Oranje Vrijstaat word aan die Sinode gevra of "het niet wenschelijk is een gedenkteeken op te richten op het graf van Prof. D. Postma, den stichter der Geref. Kerk in Z. Afrika." Met byna 'n meerderheid van stemme word die voorstel van ds. JL Maury aanvaar.



Kerkraad en ds. L.J. du Plessis – GK Colesberg in 1891



Ds. Postma se grafsteen in die begraafplaas op Burgersdorp. Die grafskrif lui: "POSTMA D. 1818–1890. Deze steen uit dankbare erkenenis opgericht door de Geref. Kerk in Z. Afrika, wijst aan de rustplaats van den Stichter derzelve Prof. D. POSTMA, Geboren te Dokkum, 10 Jan. 1818 Ontslapen te Burgersdorp, 28 Dec. 1890. In leven Predikant in Nederland te Wildervank, Bedum, Middelstum, Zwolle- in Z. Afrika te Rustenburg en Burgersdorp. Hoogleraar aan de Theologische School te Burgersdorp." Die Bybelvers kom uit Openbaring 3:12: "Die overwint, Ik zal hem maken tot een pilaar in den tempel Mijns Gods, en hij zal niet meer daaruit gaan; en Ik zal op hem schrijven den Naam Mijns Gods, en de naam der stad Mijns Gods, namelijk des nieuwen Jeruzalems, dat uit den hemel van Mijn God afdaalt, en ook Mijn nieuwen Naam."

Namibië nou 'n Nasionale Sinode

Namibië is 'n uitgestrekte land met 'n bevolking van ongeveer 2.5 miljoen mense. Hierdie klein bevolking in 'n groot land maak Namibië se bevolkingsdigtheid die tweede minste in die wêreld met net drie mense per vierkante kilometer. In 1884 het Namibië 'n Duitse kolonie geword, maar tydens die Eerste Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse weermag die destydse Duits-Suidwes-Afrika oorgeneem en is dié land onder die administrasie van die Suid-Afrikaanse regering geplaas. Met die uitsondering van Walvisbaai het Namibië in 1990 onafhanklik geword. In 1994 het Walvisbaai deel geword van die res van Namibië.

In Namibië is daar 13 gemeentes wat deel is van die GKSA. In totaal is daar 1633 belydende lidmate en 736 dooplidmate.

Vestiging

'n Groot deel van die lidmate is afstammelinge van die Dorslandtrekkers wat in verskillende trekke tussen 1874 en 1905 na Angola verhuis het. In Angola het hulle gehelp om die land te beveilig, hulle het landbou beoefen, gemeentes georganiseer en skole gestig. Maar die destydse Portugese regering het die Afrikaanse skole en Gereformeerde godsdienste sterk teengestaan, en hulle wou nie aan die Dorslandtrekkers eiendomsreg gee nie. Die gevolg was dat die Dorslandtrekkers in 1928-29 na Suidwes-Afrika verhuis het en hulle in die noorde en ooste van die land gevestig het. Daar het hulle Gereformeerde kerke gestig wat vandag nog bestaan.

In dieselfde tydperk het ook talle boere uit die Kaap na Suidwes-



Kerkgebou van die Geref. Kerk Gobabis

Afrika verhuis ter wille van weiding vir hulle vee. Hulle het hulle aanvanklik by gemeentes van die NG Kerk gevoeg (Karasburg en Keetmanshoop), maar later Gereformeerde kerke gestig.

Behalwe vir die afstammelinge van die Dorslandtrekkers, bestaan lidmate dus ook uit mense wat na Namibië verhuis of geëmigreer het. Verder het mense ook deur sendingwerk deel geword van hierdie Gereformeerde kerke. In die omgewing van Drimiopsis is daar byvoorbeeld die Gereformeerde Kerk Sanveld wat hoofsaaklik uit die San-mense bestaan.

Eie karakter

Namibië het groot ooreenkomste met Suid-Afrika, maar na onafhanklikheidswording in 1990 het dié land sy eie aard en karakter ontwikkel. Namibië het ook sy eie regering en unieke uitdagings sodat die kerke in Namibië al hoe meer begin besef het dat hulle 'n unieke roeping het. In 2017 het Klassis Etosha (die vergadering van Gereformeerde Kerke in Namibië) begin om die moontlikheid van eie kerkverband te bespreek. Deputate is aangestel om die saak te ondersoek. Nadat hierdie saak ondersoek is, het Klassis Etosha besef dat:

- Daar nog baie ooreenkomste tussen die GKSA en Gereformeerde Kerke in Namibië is. Verder het dié Klassis besef dat die GKSA en die Gereformeerde kerke in Namibië mekaar nog nodig het.



Is dit die nuwe Sinode se ampskleed? Twee emeriti van Namibië: Ds. Jan en Louise du Plessis en dr. Callie en Rina Opperman

- Klassis Etosha deel is van 'n ander land, en dat die Gereformeerde Kerke in hierdie land 'n unieke karakter en roeping het.

Eie Nasionale Sinode

Nadat die deputate advies gekry het van kundiges in die kerkreg, het Klassis Etosha tydens sy vergadering op 9 September 2022 besluit om haarself as 'n Nasionale Sinode te organiseer. Hiervolgens bly die Gereformeerde Kerke in Namibië deel van die Algemene Sinode van die GKSA, maar word hulle toegelaat om baie meer onafhanklik te funksioneer. Die Gereformeerde Kerke in Namibië sal byvoorbeeld 'n eie naam hê en daar sal gepoog word om meer Namibiërs as predikante op te lei. Klassis Etosha het 'n beskrywingspunt opgestel waarin die Algemene Sinode gevra word om deputate aan te wys wat moet bepaal tot watter mate die Gereformeerde Kerke in Namibië onafhanklik sal funksioneer, en tot watter mate hulle nog saam met die GKSA werk. Streeksinode Noordwes het op haar vergadering in November 2022 vir Klassis Etosha hierin ondersteun, en die afgelope Algemene Sinode van 2023 het dit eenparig goedgekeur.

Onderlinge meelewing en diens

Tussen die Gereformeerde Kerke in Namibië bestaan daar 'n besondere band en eenheid. Predikante en hulle gesinne kom ten minste een keer per jaar vir 'n paar dae bymekaar om saam te bid, mekaar te bemoedig en saam te praat oor die bediening in Namibië. Predikante en hulle gesinne lê groot afstande af om almal hierdie byeenkomste by te woon. Namibië het 11 predikante en 5 emerituspredikante wat nog aktief betrokke is by die bediening in Namibië deur kleiner gemeentes te help, eredienste te lei en wyse raad te gee aan gemeentes en jonger predikante. Elke jaar word ook 'n sustersaamtrek gehou en ons dames regoor Namibië woon dit by. Dan word daar saam gekuier, saam geleer, saam gebid en mekaar bemoedig.

Klassis Etosha het 'n bedieningsfonds gestig om die kleiner gemeentes in Namibië te ondersteun. Al die gemeentes in Namibië dra deur projekte by tot hierdie fonds, en as gevolg van hierdie fonds kan die bediening in kleiner dorpe (veral op die platteland) voortgaan. Die Gereformeerde Kerke in Namibië staan die Gereformeerde Kerk Tsumeb by met 'n kerkplanting in Oshakati in die noorde van die Namibië. Ds. Ruan Steyn is daarvoor beroep en ons is dankbaar vir die nuwe gemeente wat nou daar tot stand kom.

Bid vir ons

Ons vra dat lesers sal bid vir die kerke in Namibië. Bid dat die Here vir die deputate wat aangewys is om die oorgang na die Nasionale Sinode te lei, wysheid sal gee. Bid dat ons as kerke in Namibië 'n lig en profetiese stem in die land sal wees, en dat die Here ons sal gebruik vir die uitbreiding van sy kerk en sy koninkryk. ^{DK}

SINODE-FLITSE

Blye nuus oor kerkplanting ontvang

Die Sinode het met groot dank teenoor die Here verneem van goeie vrug op die arbeid van kerkplantbediening. Die Deputate Kerkgroei-bediening het aan die sinode gerapporteer dat daar sewe aktiewe kerkplante in die GKSA aanwesig is, tewete: *Rainbow Christian Fellowship* in Pretoria-Oos, *Alethea Ministry* in Centurion, *Multi-Cultural Ministry* in Kempton Park, *New Life Church Plant* in Vereeniging, *Cross Culture Church* in Northwold en Randburg, *Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati*, *Ramotse Reformed Church* in Carousel View, Maubane, Bela-bela en Modimolle. Verder is daar ook twee kerkplante van die GKSA wat intussen tot selfstandige gemeentes in die GKSA gegroei het. Hulle is die *Reformed Church Tshwane*, wat vanuit die Gereformeerde Kerk Rietvallei ontstaan het, en die *Grace Reformed Church* wat vanuit die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin ontstaan het.



DIE KERKBLAD VOOR 'N KRUISPAD?

Ons het die volgende brief (aansienlik verkort) van br. Rob van der Kooy van Die Kandelaar ontvang.

Geagte redaksie

Dit is lankal vir my 'n behoefte om aan u te skryf insake *Die Kerkblad*. Die vrymoedigheid om dit te doen, het ek nou gekry uit 'n uitspraak van Martin Luther wat as volg lui: "As ek met 'n luide stem en duidelike uiteensetting elke deel van die waarheid van God verkondig behalwe presies daardie klein puntjie wat die wêreld en die duiwel op daardie oomblik besig is om aan te val, dan verkondig ek nie Christus nie, ongeag hoe dapper ek Christus bely of erken. Waar die veldslag plaasvind, daar word die loyaliteit van die soldaat bewys."

Prof. K Schilder het dit nog skerper gestel: "Hy wat nie polemiseer ("engage in controversy") nie, is nie bekeer nie."

Die implikasie kan so gestel word: As Christene moet ons stry met al die middele wat God ons gee daar waar die stryd gevoer word.

Dit is my oortuiging dat dit is wat *Die Kerkblad* moet doen – en grotendeels nie doen nie. En dit terwyl u oor 'n belangrike wapen – die pen wat magtiger is as die swaard – beskik. En oor 'n nog veel sterker wapen: God se Woord.

As u my veroorloof, daarom enkele gedagtes:

Elke artikel in *Die Kerkblad* moet aansluit by die een of ander aktuele gebeurtenis wat mense gaande maak of gedagtewisseling waarmee mense besig is.

Artikels moet baie korter wees of in verskeie (aktuele) artikels opgedeel word. Maar ook baie brok-

kies en kassies. Deur 'n bietjie hier en daar te snuffel (ander kerkblaaië wêreldwyd, internet, kerklike nuusbriewe, ens.) kan baie aktuele stof opgetel, verwerk en gepubliseer word.

Die uitleg moet in die lyn van die korter artikels en brokkies baie lewendiger word, kompleet met sketse en foto'tjies. Gebruik die internet ook om die inhoud van *Die Kerkblad* bekend te stel.

Moenie kontroversie vermy nie, en gee duidelike leiding.

Ek vertrou dat u my nie te voorbarig vind nie. Ek glo dat *Die Kerkblad* 'n baie belangriker rol in die kerklike lewe, omdraaistrategie en koersbepaling in God se kerk kan speel as wat tans die geval is. Dit is 'n instrument wat die Here aan sy kerk gegee het en wat baie meer effektief aangewend kan en moet word.

Tot sover br. Rob. Ons as nuwe redaksie wil graag u menings hoor. Neem vrymoedig deel. Kom ons maak dit kort sodat ons in ons volgende uitgawe heelwat standpunte kan plaas. Miskien kan u in u deelname dié vroeë antwoord:

1. Wat dink u is die rede vir *Die Kerkblad* se lae intekengetalle?
2. Wat dink u moet gedoen word om die situasie om te keer?
3. Br. Rob pleit dat *Die Kerkblad* meer oor die kontroversiële dinge moet skryf. Wat is u standpunt daarvoor?

Baie dankie vir u deelname.

– Redakteur

GEMEENTESANG WORD VERRYK

Geagte Redakteur

Ek het met aandag die brief van die koorleier van die Albertyn Manne- en Dameskoor gelees. Eerstens, waardering vir die mooi werk wat hulle doen. Ek is ook baie lief vir musiek en gewyde koorsang. In ons gemeente was dit oor jare die gebruik dat ons per geleentheid, na afloop van die erediens, 'n saamgestelde program aanbied met verskillende elemente, wat ook koor- en solosang insluit. Die rustige gang van die erediens, liturgie en stilte moet bydra

tot geestelike verdieping. Net Jesus. Net die Woord van die Here. Luister. Dink. Reflekteer. Volle aandag by die Woord en die leraar. Geen geskarrel en onstigtelikheid nie. Na die seën uitgespreek is, is enige mooi musiekuitvoering pragtig en welkom. Tydens die diens is dit vir my 'n onderbreking. Die liedereskat van ons kerk is in die onlangse verlede heerlik uitgebrei en gemeentesang word verryk deur mooi sangstemme en begeleiding. Aparte konsertitems tydens die erediens is nie my keuse nie.

– Hantie Krüger (Amanzimtot)

Baie dankie Hantie, en ook aan dr. Paul Potgieter wat die eerste brief gestuur het. Ons wil graag van die Briewekolom van *Die Kerkblad* 'n voorstoep maak waarop ons lidmate vanuit al die gemeentes oor ons land opbouend met mekaar kan gesels. – Redakteur

Op die Kerkwerf



ONTBINDING – GEREFORMEERDE KERK PRIMROSE

Na oorleg met die gemeente het die kerkraad van Primrose op die kerkraadsvergadering van 19 November 2022 besluit dat die gemeente as gevolg van verskeie redes nie meer kan voortbestaan nie. Die Klassis Contracta (bestaande uit Gereformeerde Kerke Primrose, Kempton Park-Noord en Boksburg) het op 21 Januarie 2023 vergader en na 'n deeglike ondersoek na alle relevante sake, aanbeveel dat daar voortgegaan kan word met die

ontbinding van die gemeente op 31 Januarie 2023. Op 29 Januarie 2023 is die laaste erediens gehou waar die nagmaal ook bedien is deur dr. Hennie van Wyk, die laaste voltydse predikant van Primrose. Die konsulent, ds. Andries Kruger, het ontslag aan die kerkraadslede gegee en ook al die attestate, asook opsê van lidmaatskap is afgelees. Die meeste lidmate het met attestaat na Albertongemeente oorgegaan en GK Alberton sal voortaan die bedieningsgebied van Primrose oorneem.

– Ds. MAF Kruger (Konsulent – Voorsitter); Oudl. J Broodryk (Skriba)



Dr. Hennie van Wyk, die laaste voltydse predikant van Primrose

BEROEPE ONTVANG

- Dr. G (Griffel) van Wyk van GK Rustenburg na GK Rietvallei as medeleraar
- Proponent Nardus Buys na GK Bothaville

BEROEPE AANVAAR

- Proponent I de V (ID) Nagel na GK Uitschot
- Proponent F (Floris) van Jaarsveld na GK Stilbaai



DOODSBERIG

Mev. Stienie Mulder, weduwee van wyle ds. PWA (Pieter) Mulder, vroeër van GK Florida, is op 12 Februarie 2023 oorlede.

WAPADRANT HERDENK 40 JAAR

Die Geref. Kerk Wapadrant herdenk op 28 Mei 2023 hulle 40ste bestaansjaar. Alle oudlidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi na die feesnaweek wat reeds Vrydag 26 Mei 2023 gaan afskop en duur tot Sondag 28 Mei 2023. Ons versoek alle oudlidmate om enige staaltjies, herinneringe, foto's ens vir Ilda te stuur na admin@gkwapadrant.co.za, nie later nie as 11 April 2023. 'n Feesblad gaan saamgestel word. Die volledige program sal later bekendgemaak word.

GK CARLETONVILLE – 70 jaar oud (1953-2023)

Die Gereformeerde Kerk Carletonville is hierdie jaar 70 jaar oud. Ons gaan met dankbaarheid teenoor die Here DV Sondag 14 Mei 2023 feesvier deur 'n nagmaal erediens gelei (09:00) deur dr. Rudolph van der Merwe en ds. Slabbert le Cornu.

Daarna gaan ons saam lekker kuier en eet in ons kerksaal, met kort gemeentegeschiedenisvertellings en staaltjies van die verlede tot die hede.

Alle oudlidmate en ander belangstellendes is baie welkom om saam met ons die dag tot eer van die Here te kom vier (GKSA lidmate wat saam met die gemeente aan die nagmaal wil deel op die dag, moet asseblief die nodige getuienis van hulle kerkrade saambring).

Gemeente-adres: h/v Pewter- en Topazplekstraat, Carletonville

Kontak die volgende persone vir verdere inligting: Slabbert (082 770 2669) of Dorothea (083 229 2089) le Cornu. E-posadres: gkcarletonville@gmail.com

"Die HERE het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly!" (Psalm 126:3)



**Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za**

TARIEWE:

**Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.
Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto. BTW is
ingesluit.
Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.**

VAKANSIE EN VERBLIF

NATALSE SUIDKUS

UVONGO: LA CRETE SANDS. Moderne en luukse vakansiewoonstel met 'n 180° volle see- en branderuitsig. Reg oorkant die see en reg langs die swemstrand in Uvongo. Eenheid slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; dubbel toesluitmotorhuis; swembad; volle DSTV-pakket; WiFi; volledig toegeruste kombuis insluitende wasmasjien, tuimeldroeër en skottelgoedwasser. Skakel Luzelle by 071 686 4639 of stuur 'n e-pos na luzelle@uvongoholidays.co.za en kyk gerus na my webblad by www.uvongoholidays.co.za

DOONSIDE (SHANGRI LA): (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Pri-vaatbesit, billike tariewe. Skakel asseblief 082 390 9465. E-pos: lettiefour@gmail.com

WESKAAP / TUINROETE

STELLENBOSCH: KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

GLENTANA: Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens. in lieflike omgewing. Toegerus

vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R850 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

MPUMALANGA

DULLSTROOM: Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN OORNAG: Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

BLOEMFONTEIN: Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

ALLERLEI

BINDWERK: Flink bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
 - Herstel van ou of beskadigde boeke
 - Inbind van tydskrifte, sowel as
 - Gespesialiseerde binddienste
- Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

kleinADVERTENSIES

BOEKE deur prof. VE d'Assonville:

Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard afleveringsfooi van R100 word gehê vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.

Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060.

Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).

E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za

Dit is Totius (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

SJ du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

Bloedrivier (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Die Groot Diamantroof (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

Die Van der Merwes van Middendeel (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

Generaal de Wet in die Vredefortkoepel (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

Kruger en Rhodes (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

Majuba (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Op die Bodem van die Vaaldam (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevangene- en konsentrasiekampe en die Rebelle van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelami-

neerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

"O Vaalrivier... Broederstroom!" (Rebelle 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

Totius se Oorlogsdagboek (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

Calvyn verdedig sy stad (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

Die boek Openbaring (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

The Book of Revelation (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

Die koms van Christus en die Antichris (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

Die Psalms sing van Christus ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

Gereformeerde Doopsformulier (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

Bakens vir die Kerkgeskiedenis (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

Kerk op die Wit Hooglande ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

Eugène Marais en die Waterberge (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100




JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSQT

Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM


Ons ondersteun graag Die Kerkblad

BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




R70.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

R50.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R80.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

R90.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Die volgende gesprek met die
redakteur op PretoriaFM vind plaas op
SONDAG 6 MAART 2023.

U kan na PretoriaFM luister op 104.2 /
106.6 MHz; of TV-oudiokanaal 887.

**Stuur artikels of briewe aan
Die Kerkblad: Posbus 20008, Noordbrug 2522;
faks 018 293 1042**

**E-posadres: kerkblad@gksa.co.za
(kopieredakteur)**

anberg@absamail.co.za (redakteur)



POTCHEFSTROOM
TEOLOGIESE • THEOLOGICAL

POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:

- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begrend is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)



OORDENKINGS OOR DIE BERGREDE 2022

Om as geseënde burgers van die Koninkryk van die hemel te leef" bestaan uit 'n reeks oordenkings uit die Bergrede (Matt. 5-7). Die Bergrede staan ook as die Grondwet van die Koninkryk van die hemel bekend. Op grond van die Here Jesus se selfopofferende liefde is sy volgelinge uitermate geseënd om burgers van hierdie Koninkryk te wees. Die Bergrede beskryf 'n burglary wat volgens die Grondwet van die Koninkryk lewe.

PRYS: R70 (POSGELD EN VERPAKKING UITGESLUIT)



WANNEER JESUS WEER KOM ... – HANS MALAN

Ons glo dat Christus weer kom. Belangrike vrae hang saam met hierdie belydenis. Na aanleiding van die Apostoliese Geloofsbelijdenis (die Twaalf Artikels) besoek hierdie studie die ryk verskeidenheid Bybelse getuienis oor die Vreugdedag wat Christus ook met sy wederkoms met Hom saambring.

PRYS: R95 (POSGELD EN VERPAKKING UITGESLUIT)

BESOEK GERUS ONS WEBBLAD

www.ptpboeke.co.za en ons Facebook-blad
Potchefstroom Teologiese Publikasies

BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO
Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za